



TOULEIER



Mandela se naam red ons in die Filippyne

Hoofstuk 2 Deel v

Tydens ons redelike kort verblyf op die hoofeiland Luzon van die Filippyne het ons darem ook gesorg dat ons soveel moontlik uit die konstruksiekamp kom en die wêreld rondom ons so bietjie besigtig. As jy die noordelike provinsie waar ons was sou Google, sal jy sien dit lê maar net sowat 15 grade noord van die ewenaar.

Gevolglik is dit tropies en lowergroen net waar jy kyk. Weens die aard van my werk was ons kamp weer in 'n afgeleë en pragtige bergagtige gebied. Daar was selfs gerugte dat net agter die berg daar steeds 'n groepie kopkrimpers rondloop.

Die gerug het 'n sterk ruggraat gekry toe ons uitvind dat die kampdokter ook daarvandaan kom. Verbeel jou net hoe huiwerig ek was om hom te laat kom toe ek eendag siek in die bed was. Ek vra hom reguit en hy bevestig sy herkoms. Hier en daar krimp die koppe steeds. Die paar toordokters wat dit nog doen, gebruik darem meestal net diere vir hulle kuns. Daar is 'n ondeunde vonkel in sy oë as hy klem lê op die woord *meestal*. 'n Kopkrimper met 'n sin vir humor!

So al om die ander Saterdag het ons drywer ons vroegoggend kom optel en dan het ons pad gevat om te gaan verken. Vir die lank van tand wat nog die fliëk *Apocalypse Now* onthou, dit is daar naby gemaak en ons het gaan kyk hoe die betrokke kusstrook lyk waar Marlon Brando en sy trawante verfilm is. Die swarterige sand en die gehawende toestand van die strand en sy omgewing was effe van 'n antiklimaks. Seker omdat ek al van skooltyd af bederf is met die suiwer sagte wit sande van die Kaapse kus. Behalwe vir die Seychelle-eilande, is daar tot vandag toe nog, geen ander strand wat eers naby Clifton kom nie.

Op pad terug word ons voorgekeer deur 'n versperring in die pad. Dit was nie vroeër die dag daar nie. Die pale en bokkies waarop hulle rus, is van bamboes-pale gemaak. Die manne in beheer daarvan dra kamoefleerdrag. Hulle is ook tot die tande toe bewapen. Ons drywer is merkbaar bekommerd en beduie ons tot stilswye.

Een van die manne slenter nader. Hy is donker gebrand en dra 'n groen gholfkeppie en 'n paar Raybans.

"Van watter land is jy?" vra hy in perfekte Engels. Hy lyk teleurgesteld toe ek hom vertel dat ons van Suid-Afrika is.

"Julle nuwe president is Mandela," maak hy die stelling. Die noem van Madiba se naam het selfs hier in die bosse van die Filippyne 'n magiese effek. Almal ontspan. "Weet jy wie ons is?" Hy klink sommer baie meer gemoedelik.

"Jammer maar ek het geen idee nie," meneer ek hom, want hy het steeds 'n geweer in die hand. "Ons is die NPA," kondig hy aan en ek kan sien hy verwag ek moet beïndruk wees. "O" is al wat ek uitkry, maar darem met opregte wydgerekte oë.

"NPA staan ook vir *No Permanent Address*" sê hy met 'n breë glimlag terwyl hy vir een van sy manne beduie om die pale te lig en ons deur te laat. So met die wegry verduidelik die drywer bewering en sigbaar verlig die rede hoekom hulle geen permanente adres het nie is omdat die NPA staan vir National People's Army, 'n verbanne terroristegroep.

Ons was baie gelukkig. As die NPA enigsins gedink het ons het gyselaarswaarde, sou hulle ons net daar die bosse in gesleep het. Hulle sou hom dalk nog laat gaan het met die losprysboodskap vir die pers.

Hennie Greeff
Doha, Katar

UITGEWER_pos@onsdorp.com

Om die kampvuur



Limeriek

'n Middeljarige man
 genaamd Attie
 sê een aand aan sy vrou
 "my skattie
 jy moet harder probeer
 en minder spandeer
 anders sien ek binnekort my
 gattie".

Afrikaans bly maar 'n taal wat raak vat!

Vergelykings—nie vaste uitdrukkings nie, maar koddig.

BAIEMAAL hoor 'n mens in die spreektaal 'n vergelyking wat (nog) nie tot die vaste uitdrukkings in jou taal behoort nie, maar wat so raak is dat 'n mens daarvoor moet glimlag.

Die lysie hieronder is sekeres wat al opgeteken is. Ken jy nog sulke vergelykings wat jy êrens gehoor het?

Skurwe hakskene soos 'n vleipatat
 Wegstaan-tande soos 'n stalvurk
 Uitstaanboude soos 'n skelm melkkoei
 'n Stem soos 'n koffiemeul
 'n Knopneus soos 'n bakoond
 Deurskyn-ore soos 'n vlakhaas
 'n Plooigesig soos 'n mofskaap
 Hol toonnaels soos 'n sopepel
 Hol wange soos 'n toegeslane brood

Statistiek toon misdadigers steel en moor minder nadat hulle geskiet is.

Historiese humor

Winston Churchill oor Clement Attlee.

"'n Leë taxi het by 10 Downing Street stilgehou. Die deur het oopgegaan en Attlee het uitgeklim."

"Hy is 'n beskeie man wat baie het om oor beskeie te wees."

"Attlee is die lewende bewys dat 'n vark se blaas aan die einde van 'n stok in die parlement kan kom."

♦Ons wonder mos nou wat hy van Jacob Zuma sou gesê het?

Kommetjiesgatmuishond

Sy uitlaatpyp se holte skep nogal die indruk van 'n kommetjie. My oupa het altyd vertel dis die muishond se geheime wapen om hoenders mee te vang. Hy knyp 'n mieliepit in die gaatjie in die middel van die kommetjie vas.

Dan gaan lê hy onder 'n bossie waar die hoenders loop. Een of ander tyd sien een die mieliepit en pik daarna. Blitsvinnig sluit die kommetjie om die hoender se kop en hy versmoor. En die muishond het vleis.

Die herkoms van gesegdes (53)

Wind: Deur die wind wees (deurmekaar wees)

In skeepvaartsterme beteken dit om opsetlik die skip te laat draai sodat dit die wind (wat byvoorbeeld op die bakboordkant gewaai het) eers van voor en dan van die stuurboordkant kry; dit staan bekend as "deurdraai". Oordragtelik beteken dit om van jou oorspronklike standpunt af te wyk, sodat dit lyk asof jy deurmekaar is.

Windmeul(e): Teen windmeulens veg (denkbeeldige gevare bestry; iets tevergeefs probeer verander)

Ontleen aan die verhaal van Miguel de Cervantes Saavedra van 1605 met Don Quijote as die tragikomiese figuur wat windmeulens in die verte aansien vir reuse, hulle op sy perd bestorm en dan op die grond beland.

Duskantlander in Anderkantland

Saam vir die joy ride in Liberië

Daniël Bezuidenhout, 'n vrou van Namibië, skryf uit Ghana

My Ouma was reg toe sy sê ek is nes 'n maltese hond: As die wiele draai, wil ek saam vir 'n joy ride. So gebeur dit dat my man gaan besighed doen in Liberië – Monrowië; ek wil saam –te bang en nuuskierig ek mis iets.

Die Liberiese ambassade is in 'n ou koloniale herehuis, stapafstand van waar ons woon in Akkra. As mens vir die ambassade se vier personeellede van die Kolonel se hoender vir middagete koop, kry jy die drie-dae-wagtyd visas, sommer dieselfde middag nog.

Daar voel ek toe sommer baie veilig op my heel eerste presidensiële vlug. Swoesj! trek sulke slap Mercedes Benz mouters langs die vliegtuig in. Daar vlieg President Ellen Johnson Sirleaf en haar gevolg van vier dames saam. Dis opmerklik dat so te sê al die wit mans op ons vlug Afrikaanse myners, is: kakie kortbroekies en boepies wat span oor gholfhemde. Die Liberiese manne sit stokstyf die hele vlug deur onder wye Texas cowboyhoede en agter Top Gundredonkerbrille. Grootoog loer ek na al die yslike riviere hoe nader ons aan Monrowië se lughawe kom. Sekerlik kan net die Amasone groter wees? Die president klim eerste af – baie interessant; net vrouens as lyfwagte. Dit stortreën onverpoost.

Ook maar blond, ek was so opgewonde oor al die wildvreemde dinge wat my voorlê dat ek my plat Apple Mac-maatjie net daar in Akkra op die lughawe se stukkende stoel vergeet het. Ons klim in 'n taxi vir 'n uur se rit na die kusstad, Monrowië. Drie oproepe later, nog op pad na die hotel. bevestig my man my Mac-maatjie is teruggevind en 'n oulike Ghanese vrou hou dit in veilige bewaring. Met my geloof herstel in die ganse mensdom ry ons voort. By 'n T-aansluiting druk 'n soldaat sy AK47 in ons taxidrywer se neus op. Trurat agtertoe, want die president se sirene-kavalkade loei verby en daar bevind ek myself skielik tussen die sitplekke van die taxi toe 'n groot viertrek ons van agter tref. Heeldag se polisiedrama en groot geld -as dit in Ghana was! Die taxi-bestuurder vlieg om die mousterkar, gryp die buffer en gooi dit in die kattebak. Ons is stil-oorbluf. "Oukei, oukei?" sê-vra sy. Ons knik en daar ry hy verder, no life lost. verklaar sy en daar gaat ons voort.

Liberië het die hoogste tropiese reënval in Afrika en daar's 'n reënwoud van ondeurdringbare bosse en orals is waterpoele waardeur mense kniediep ploeter – hulle onthou nog waar is die voetpaadjie en slote. Dit lyk soos elke ander Afrikaland, ingerygde, bont tweevertrek sementsteen huisies met sinkplaatplattendakke. In ons drie dae besoek het dit net enkele ure, in die nag, opgehou stortreën.

Elke derde fênsie viertrek mouter is beplak met een of ander hulporganisasie. Die res is 1970 se vergete roeskoetse soos Peugeot en Datsun. Met 'n vrou as president, is die meeste wagte Indiese en Israëliese vrouesoldate. My taxi bestuurder is 'n vrou in soortgelyke soldaat uniform. Die hotel se loodgieter en padwerkers en vulstasiewerkers is almal vrouens.

Voor jy by enige hotel, restaurant, geld wisselaar of supermark instap, word jy met 'n plastiek pistool op die voorkop gerooikol. Net met 'n normale temperatuur kan jy voort. Orals staan waterkanne en pompieseepmiddels. Voordat jy iewers instap, was jy hande. Al die water van die spoggerige hotelkrane is roesbruin.

Die Liberiese mense slurp hulle woorde se sterte in as hulle al bulderend Engels praat. "Ca I ge yu a be, Ma?" is "Can I get you a beer, Mate?" en jy moet fyn luister om kop of stert uit te maak.

Ek was na die informele mark toe om bont Afrikalap te koop. Als is verspoel, mense vra waar in Amerika ek vandaan kom. Van hulle ontmoet vir die eerste keer 'n wit gebore Afrikabooring en klap so in die sit hulle knieknoppe van verbaasdheid. Als is geprys in Amerikaanse dollar. Die lokale geldeenheid is soos die Zimdollar in sy peetje in.

Na drie dae is als te snel verby. Ebola of te not – ek sit en wag by die voordeur vir my volgende joy ride.

Giggels

As jy 'n giggel wil deel, vonk dit aan pos@onsdorp.com



SAMARITANE

Die ou was in die kroeg, besig om te kyk presies hoe dronk hy kan word. 'n Groep mans het gesien hy kan nie meer staan nie, en besluit om goeie Samaritane te wees en hom huis toe te neem.

Hulle het hom eers laat staan om sy beursie en sy adres te kry, maar hy het aanhou omval.

Op pad kar toe het hy nog agt keer met 'n harde slag omgeval.

Toe hulle by sy huis kom, het hy op pad voordeur toe nog vier keer omgeval.

Hulle klop aan die deur en sy vrou maak oop.

"Hallo, ons het jou man gou huis toe gebring," sê hulle ewe trots.

"En waar is sy rystoel?" vra die vrou.

DOMINEE SAAI PANDEMONIUM

Die dominee het besluit om oor al die geweld, moord en doodslag te preek. Om die preek tot sy gemeente te laat deurdring het hy 'n mes, panga en geweer op die preekstoel gepak.

Die gemeente het nie mooi geweet waarvoor die wapens was nie.

Toe die dominee die Bybel regskuif, stamp hy per ongeluk die geweer af en 'n skoot daver deur die kerk. Van die gemeentelede het hulle boeglam geskrik.

Dit was vir sommige duidelik dat die dominee genoeg van hulle sondige gewoontes gehad het. Hulle storm holderstebolder deur toe, waar 'n geweldige same-dromming plaasvind.

Die dominee het intussen die geweer opgetel en dit ondersoekend beskou. 'n Dik tante agter in die ry sien dit en gil benoud:

"Druk, mense, druk! Die bliksem laai al weer!

APTEKER

Vrou aan apteker:

"Hou jy viagra aan?"

Apteker: "Ja."

Vrou: "Kan jy dit oor die toonbank kry?"

Apteker: "As ek twee drink kan ek probeer."

ANDY CAPP deur Reg Smythe



Uit die Wakis

Stories vir die vaak

**MOENIE
in jou vrou
se pad
staan as
sy wil leer
bestuur
nie**

Die beste
bewys van
lewe elders in
die heelal is
dat hulle nog
nooit met
ons kontak
gemaak het
nie.

Hoekom ou mense nie werk kry



BY 'N WERKSONDERHOUD

Bestuurder van menslike hulpbronne:
"Wat dink jy is jou grootste swakheid?"

Ou oom: "Eerlikheid."

Bestuurder: "Maar ek sal dit nie as 'n swakheid
beskou nie?"

Ou oom: "Ek gee nie 'n moer om wat jy dink nie."

Non nie op haar bek geval

'n Kar vol nonne sit by 'n verkeerslig in die onderdorp van Dublin, Ierland, toe 'n kar vol raserige dronklappe langs hulle stilhou.

"Hey, show us yer teets, ya bloody penguins!" skree een van hulle.

Moeder Owerste draai toe na Suster Mary: "I don't think they know who we are; show them your cross."

Suster Mary draai haar venster af en skree: "'Piss off, ya fookin' little wankers, before I come over there and rip yer balls off!"

Sy draai toe haar venster af en vra vir Moeder Owerste: "Did that sound cross enough?"

**Ek het verlede
jaar by 'n groep
vir antisosiale
mense
aangesluit.
Ons het nog nie
ontmoet nie.**

Dit is hoe die staatsdiens dinge doen

Die man gaan doen aansoek vir 'n werk.

"Is jy allergies vir enigiets?"

"Ja," sê hy. "Koffie. Ek kan nie koffie drink nie."

"Ek sien. Was jy in die weermag? Dit gee aan jou vyf ekstra punte."

"Ja, ek was 'n jaar lank in die weermag."

"Is jy op enige manier gestrem?"

"Ja. 'n Handgranaat het in 'n oefening naby my ontplof en ek het albei my klokke verloor."

Die onderhoudvoerder sê dit gee aan hom nog vyf punte omdat hy in diens van sy land permanent gestrem is.

"Jy het meer as genoeg punte en ek gaan jou dadelik aanstel. Ons normale ure is van 08:00 tot 16:00. Jy kan elke dag om 10:00 begin."

Die aansoeker krap sy kop. "Hoekom begin almal om agtuur, maar ek hoef eers tienuur hier te wees?"

"Sien," sê die onderhoudvoerder, "dis die staatsdiens. Vir die eerste twee ure staan ons rond, drink koffie en krap ons klokke. Daar is geen rede hoekom jy so vroeg hier moet wees nie."



POLISIEMANNE OOR DIE WÊRELD HEEN

Wat is die verskil tussen polisiemanne van Australië, Kanada, Amerika, Skotland en Suid-Afrika?

Lees verder.

VRAAG:

Jy is 'n polisieman en alleen aan diens. Jy loop laatnag in 'n baie verlate straat. Skielik kom 'n man met 'n yslike mes om die hoek, fikseer op jou en begin op jou vloek. Hy lig die mes en steek na jou. Hoe reageer jy?

ANTWOORDE:

Kanadese polisieman, wat net 'n knuppel as wapen het:

Hy moet eers die man se menseregte in ag neem.

1. Lyk die man arm en verdruk?
2. Is hy 'n nuwe immigrant wat nog nie die wet verstaan nie?
3. Is dit regtig 'n mes, of net 'n seremoniële dolk?
4. Het ek al enigiets aan die man gedoen wat hom aangestook het?
5. Is ek uitdagend aangetrek?
6. Kan ek weghardloop?
7. Kan ek die mes met my knuppel uit sy hand slaan?
8. Moet ek met hom probeer onderhandel en hom vertel wat hy verkeerd doen?
9. Hoekom dra ek in elk geval 'n knuppel, en watter soort boodskap stuur ek aan die gemeenskap uit?
10. Wil hy my definitief doodmaak, of sal hy tevrede wees deur my net te wond?
11. As ek hom aan sy knieë gryp, sal hy steeds probeer om my te steek?
12. As ek my knuppel lig en hy hardloop weg, dra ek die skuld as hy val, sy kop stamp en sterf?
13. As ek hom beseer en die hofsak verloor, kan hy skadevergoeding eis en my my werk, geloofwaardigheid en my huis kos?

Australiese polisieman:

BOEM!

Amerikaanse polisieman:

BOEM! BOEM! BOEM! BOEM! BOEM! BOEM! BOEM! BOEM! BOEM!

'Klik' . . . Herlaai . . .

BOEM! BOEM! BOEM! BOEM! BOEM! BOEM! BOEM! BOEM! BOEM!

Skotse polisieman:

"Haw, Jimmie! Drop the wee knifie reet this minute noo, unless ye want it stuck up yer arse!"

Suid-Afrikaanse polisieman:

"Eish! You pay me R500, take my gun and I run way."

NIE GOED GENOEG NIE

Die Joodse seuntjie kom tuis en vertel opgewonde aan sy ma dat hy 'n rol in die skoolopvoering losgeslaan het.

"Watter rol?" vra sy.

"Ek speel die rol van 'n Joodse eggenoot."

"Dis nie goed genoeg nie," sê sy ma. "Sê vir hulle jy wil 'n praatrol hê."

Stamboom

Help ons familiesoekers

COMPAAN auke.compaans@gmail.com

Auke Compaan, gebore in Port Elizabeth 10/01/1953 en bly nog in PE.

DEWAR lornaborchardt@hotmail.com

My enquiry is not about me but of my great, great grandparents who I think landed in Algoa Bay in 1895. I just need to know if there is anyone else doing the Dewar tree and could possibly be doing the same research as me.

DU PLESSIS sueannoswald@gmail.com

I am searching for relatives/families who can tell me more about my great grandfather Willem Petrus Du Plessis born 1889, and died in 1975. Father was s Jan Du Plessis from South Africa, please contact me on +264818715715 . I thank you.

My pa, Christiaan Johannes (Chris) Fouché was getroud met Bellie van Schweizer-Reneke,. Ek is opsoek na haar broers en susters se kinders. My oupa was Richard Petrus Fouché getroud met Anna Jacoba Viljoen. Hulle kinders was my pa, broer Gert en tannie Marie, oorspronklik van Gobabis. Paige en tannie Bellie, ek het kontak met hulle kinders, die tweeling Frik, getroud met Bellie en Cornelius, getroud met Anna, 2 susters, Anna, getroud met Daantjie van Heerden, van Schweizer-Reneke, hulle het 2 dogters, Anna en Cielie. Tannie Johanna (Lal) getroud met Dolf du Preez van Hartswater. Neefs en niggies wat ek kan onthou is Richard, Frankie, Elsa, Tokkie, Ansa, Vissie, Frikkie, Schalk en Lindy (?) My broers is almal oorlede, hulle was Richard, Floris, Kokkie (Chris), Basie en ek wat die jongste was, noemnaam Lielie. Ek sal dit baie waardeer as iemand wat die families ken, my sal kontak by my e-pos of selnr-073 168 4964

GROVE grove.christoffel@gmail.com

My Vader was ook Christoffel Gerhardus Grove (gebore in 1928) en my Oupa was Nicolaas Johannes Marthinus Grove.

LAWRENCE diedericksclan@gmail.com

Lawrence van Port Elizabeth. Gekoppel aan vanne Barnard en Oehley. Dankie

JANSE VAN RENSBURG botesda@gmail.com

My tante was Anna Uys née Janse van Rensburg van koppies. Getroud met Danie Uys van Koppies. Sy was gebore in 1919 en gesterf in 1987 en begrawe in Koppies. My moeder was Maria Magdalena Botes nee Janse van Rensburg. Ek wil graag my stamboom aan moederskant voltooi maar kan geen verder inligting van hulle moeder of vader kry nie .Nie eers hulle name nie. Helpo my asseblief as u kan.

POLISIEHONDE

KAN BAIE

KIESKEURIG WEES

Ek staan eendag en bekijk die polisie toe hulle 'n oproerige skare moet hanteer.

So 'n fris kaptein - lyk soos 'n Kelvinator met 'n kop op - is aan die roer van sake.

Toe die skare nader kom, bulder hy "Waaaater Canon!" Hulle trek los met daai waterstraal en spuit die klomp so 'n halwe straatblok terug, maar die klomp staan op en kom weer.

Weer bulder sy stem "Pepperrrrr Sprayyyy!" Die manne trek los en roer die klomp met die gas, maar met rooi ogies en snotneuse kom hulle steeds.

Weer bulder sy stem "Moerrrrr Hulleeeee!" Daar vlieg 'n span onder hulle in en slaan sewe soorte waks uit hulle uit met sambokke en knuppels,

Maar.....ja.....met seer gatte en al kom hulle steeds aan.

Toe brul sy stem "Laat los hulle!" En die manne laat los die honde!

Toe daardie honde onder hulle invaar, spat die hele optog in meer rigtings as wat daar op 'n kompas is en alles is oor en verby.

Stap ek toe nader en vra baie vriendelik en moers nuuskierig vir die man nou hoekom dan al die moeite doen van water en pepper spray en knuppels en nie sommer van die begin die honde gebruik nie?

Sonder om na my te kyk en met oë wat daar doer staan, antwoord hy droog:

"Hierdie honde is baie vol stront. Hulle sit hulle bekke aan niks voordat dit nie eers gewas, gespice en getenderise is nie!"



Twee jong kinders wat wil trou

Klein Pietie en Hannie is net 10 jaar oud, maar hulle weet hulle is baie verlief.

Op 'n dag besluit hulle om te trou, en Pietie gaan vra Hannie se vader om haar hand:

"Mnr. De Wet, ek en Hannie is verlief en ek wil jou toestemming hê om met haar te trou."

Mnr. De Wet het gedink dis die oulikste ding, en antwoord:

"Wel, Pietie, julle is net 10 jaar oud. Waar sal julle twee bly?"

Sonder om twee keer te dink, antwoord Pietie: "In Hannie se kamer, want dis groter as myne. Ons sal albei daar inpas."

Mnr. De Wet, met 'n breë glimlag: "Waarvan gaan julle leef? Jy is nie oud genoeg vir 'n werk nie en jy sal Hannie moet onderhou. Wat gaan jy doen om genoeg geld te verdien sodat jy vir my dogter kan sorg?"

Weer is Pietie gereed met 'n antwoord: "Met ons toelaes. Hannie kry R8 per week en ek kry R10. Dis omtrent R72 per maand en ons behoort maklik deur te kom."

Mnr. De Wet was verras dat Pietie so goed vooruit beplan het.

"Wel, dit lyk of julle oopkop is en alles uitgewerk het. Ek het nog net een vraag: Wat gaan julle doen as julle kinders van jul eie het?"

Waarop Pietie net sy skouers geskud het. "Wel, ons was sover nog gelukkig."

Mnr. De Wet dink nie meer Pietie is baie oulik nie.

Dis nou wanneer 'n mens seker is van sy saak



'n Baie aantreklike vegvlieënier stap by 'n kroeg in en gaan sit langs 'n baie aanvallige vrou.

Hy kyk vlugtig na haar en kyk dan terloops na sy Apple-horlosie.

"Is jy laat vir jou afspraak?" vra die pragtige vrou.

"Nee," sê hy, "ek het net hierdie gevorderde horlosie gekry en ek het hom net gou getoets."

Die vrou is nou nuuskierig. "Gevorderde horlosie?" vra sy. "Wat maak hom so spesiaal?"

"Wel," sê die vegvlieënier, "hy gebruik alfastrale en kommunikeer telepaties met my."

"En wat sê hy nou vir jou?"

"Wel, hy sê jy het nie 'n pantie aan nie."

Die vrou giggel en sê: "Wel, ek het nuus vir jou. Jou horlosie is verkeerd, want ek dra wel 'n pantie."

Die vegvlieënier het geglimlag, op die horlosie getik en gesê:

"Die blerrie horlosie is al weer 'n uur vinnig!"

En dit, liewe lesers, is wat 'n mens SELFVERTROUE noem!

"Ek het nie die begrafnis bygewoon nie, maar ek het 'n mooi brief geskryf waarin ek sê dat dit my goedkeuring wegdra." - Mark Twain

AGTEROS

Net voor uitspantyd



“

“Die donkiekar het Sakkie losgeskud,” sê tant Souf.
“Ons ry nog, toe kom hy.”

Deur DANA SNYMAN

Daar is al baie van oom Piet en tant Souf Louw se donkies op die trekpad dood. “Elf,” sê oom Piet. “Elf.” Maar tant Souf stem nie saam nie. Sy tel sag op haar vingers, en help hom reg: “Twaalf, meneer. Twaalf van hulle het gedod.”

Dan begin hulle stry oor of dit nou elf of twaalf donkies is wat hulle al oor die jare heen verloor het.

Daar was die een by Holkuil naby Britstown wat sommer so in die tuig neergeslaan het. Krimsiek. En die een by Deelfontein, in die Strydenburg-distrik, wat deur ’n slang gepik is. En dan, o, dan was daar nog die twee wat een nag naby Hutchison deur ’n trein doodgetrap is.

Op die ou end stem oom Piet en tant Souf saam: Hulle het al 14 donkies op die trekpad verloor.

Dis ’n koue Karoo-dag en ek het pas by oom Piet en tant Souf langs die pad anderkant Hopetown stilgehou, in Kraankuil se omtes. Hier het die twee oues tydelik uitgespan en vir hulle ’n sinkhut tussen die vaal bossies staangemaak. Eenkant staan hul donkiekar, en doer in die leegte wei hul twee donkies, Vaaltyn en Strepies.

Oom Piet en tant Souf is karretjiemense. Afrikaanse mense. Afrikaners.

Jy kom nog heelwat van hulle, hierdie Karoo-sigeuners, in die Karoo teë. Nes hulle, het hul voormense van plaas na plaas met hul donkiekarre getrek en veral as skaapskeerders en draadspanners gewerk.

Maar baie dinge het oor die jare heen vir hulle verander: boere het hul plase begin afkamp en hul eie skeerspanne opgelei. Boonop is baie plase in die Karoo nou wildplase.

Daarom woon die meeste karretjiemense deesdae in baie arm omstandighede in plakkerskampe aan die buitewyke van dorpe soos Britstown, Colesberg en De Aar.

Oom Piet en tant Souf het sommer tussen elders en êrens staning gemaak. Hulle tap water by ’n kraan by die Kraankuil-stasie hier naby en span een keer per maand die donkies in en gaan haal hul pensioen op Hopetown. Hul een seun, Sakkie, is op die trekpad gebore, meer as twintig jaar gelede.

“Die donkiekar het Sakkie losgeskud,” sê tant Souf. “Ons ry nog, toe kom hy.”

Sakkie se seuntjie woon ook deesdae hier by hulle en gaan na ’n plaasskool hier naby. Hy het vir hom ’n vlieër gemaak van stukkie tou, riet en plastieksakke; en terwyl ek met oom Piet en tant Souf gesels hardloop hy op en af in die stofpad daarmee.

“Dit was vyftien,” sê tant Souf opeens. “Vyftien van ons donkies het op die pad gedod.” Sy kyk na oom Piet. “Ons’t vergeet van die een op Witpan, pa.”

“O, ja,” beaam oom Piet.

“Dit was die lieflikste donkie daai,” sê tant Souf. “Hy’t ons kom groet. Ons was by ’n staning, toe kom staan hy hier by ons, en hy kyk so vir ons. Toe draai hy om, slaat neer, en sterwe mooi hier by ons.”

Die son lê al laag bokant De Aar se blou koppe. Uit die veld slaan ’n koel luggie op en ek en oom Piet en tant Souf staan en kyk na Sakkie se seun wat weer in

die pad aangehardloop kom met die vlieër.

Hy hardloop, al vinniger hardloop hy met die toutjie in sy hand bo sy kop. Maar nes al die vorige kere styg die vlieër nie op nie. Dit bly agter hom op die grond sleep en sleep en sleep.

KAMMANUUS verskyn weer op 21 SEPTEMBER